# CELEBRATING 121

house andrew murray

HAM

Kinder- en Jeugsorgsentrum

Child and Youth care Centre

1898 - 2019 YEARS OF CARING

***Huis Andrew Murray 2019***

*Dit is ’n voorreg om betrokke te wees by hierdie program van Badisa waar daar vir kinders ’n tuiste geskep word, weg van die huis. Hier kry kinders geleenthede wat hul nie onder normale omstandighede sou hê nie en kan hulle ontwikkel om hul volle potensiaal te bereik.*

*Die finansies van die sentrum is danksy deernisvolle donateurs en te midde van stram ekonomiese omstandighede, heel gesond. Die voorsiening van water uit eie bronne, sonpanele om die afhanklikheid van tradisionele bronne te verminder en die algemene opgradering van die hele sentrum is van die merkwaardige prestasies vir die tydperk.*

*Dit is welliswaar spanwerk wat dié sukses bewerk en hiervoor is ons aan elke lid van die Beheerraad, bekwame personeel en deskundiges wat ons bystaan, ons innige dank verskuldig. Sielkundiges, maatskaplike werkers, terapeute, medici en geestelike versorgers verseker dat kinders toegerus word vir die toekoms. Ons bewonder die bydrae van die huismoeders wat afsonderlike funksionele huiseenhede bedryf (met tot 12 kinders van verskillende ouderdomme). Baie dankie aan die ma’s!*

*Die voorsiening van voedsame maaltye is ’n prioriteit, en van tyd tot tyd allerlei lekkernye, ’n voorreg. Die welwillendheid van instansies en die vrygewigheid van vriende van kinders maak dit moontlik uit ’n goed toegeruste sentrale kombuis. Ons dank die Here vir sy seën op ons pogings en die voorreg om die kinders aan die Groot Kindervriend voor te stel.*

*Daar wag welliswaar uitdagings vir die nuwe jaar, maar met die samewerking van weldoeners en die toewyding van bekwame personeel, kan ons dit sien as geleenthede om by te dra tot die toekoms van die jongelinge wat aan ons sorg toevertrou is.*

**Danie Theart**
**VOORSITTER VAN BEHEERRAAD**

# Ons vorm en bou aan 'n toekoms vir jou.

## 1. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| Straatadres: | Blouvleiweg, Wellington, 7655 |
| Posadres: | Posbus 129, Wellington, 7654 |
| Bestuurder: | Regardo Scholtz |
| Telefoonnommer: | 021 873 3834/ 5 |
| Selfoonnommer: | 083 279 0832 |
| Faksnommer: | 021 873 5265 |
| E-pos adres: | info@andrewmurray.org.za |
| NPO-registrasienommer: | 011-891 NPO |
| Registrasienommer: | 15/5/11/2/2C3130 (Dept. MO)<br>Geregistreer as 'n Kinder- en Jeugsorgsentrum wat bestuur en bedryf word en geskik is vir die opname, behandeling, beskerming, versorging en opvoeding van kinders wat aan die volgende kriteria voldoen: |
| Geslag: | Seuns en dogters |
| Kerkverband: | Interkerklik |
| Taal: | Afrikaans, Engels |
| Minimum ouderdom by toelating: | Geboorte |
| Maksimum ouderdom by toelating: | 18 jaar |
| Maksimum ouderdom vir akkommodasie: | 21 jaar |
| Maksimum toelating: | 155 kinders |
| Tipe kinders: | Kinders wat sorg en beskerming benodig: verlate, verwaarloos, verweesd, verwerp, mishandel |

## 2. GRONDSLAG

Die organisasie verrig sy taak in die gees en gesindheid van Jesus Christus, die Groot Barmhartige en sy beleid is gegrond op die Woord van God.

## 3. VISIE

Ons vorm en bou aan 'n toekoms vir jou







## 4. MISSIE

Huis Andrew Murray is ‘n NG Kerk/ VG Kerk inrigting wat vanuit ‘n Christelike lewensbeskouing die volledige en gesonde ontwikkeling van 155 wetsbestede kinders bevorder op religieuse, opvoedkundige, fisiese, sosiale en psigiese terrein d.m.v. die benutting van multi-dissiplinêre dienste. Dit word gedoen sodat individuele kinders in staat gestel kan word om hulle plek as gebalanseerde volwassene en verantwoordelike landsburger vol te staan. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing vorm die grondslag van al ons werksaamhede.

## 5. LEDE VAN DIE BEHEERRAAD

| NAAM | PORTEFEULJE | EPOS |
|---|---|---|
| DJC Theart | Voorsitter | danie@djctheart.com |
| J Hendricks | Ondervoorsitter | vgkwellingbergrivier@telkomsa.net |
| R Viljoen | Finansies | roelof.viljoen@quantumfoods.co.za |
| NH Marais | Batebestuurder | erik@rodewellington.co.za |
| W Naudé | Talentbestuur | naudew@hugenoteskool.co.za |
| MJ Scholtz | Talentbestuur | gielies@xsinet.co.za |
| R Scholtz | Fasiliteitsbestuurder | regardo@andrewmurray.org.za |
| HS Spies | Bemarking & Fondswerwing | s.spies@mweb.co.za |
| A de Vries | Addisioneel | adamdevries3@gmail.com |

## 6. VAKKUNDIGE DIENSTE

### 6.1 DIENSLEWERING

Vakkundige dienste binne die Kinder- en Jeugsorgsentrum (KJSS) fokus op belangrike aspekte soos VERSORGING, HEELMAAK EN ONTWIKKELING van die kind binne ‘n gegewe tydperk en met behulp van beskikbare hulpbronne.

Die Kinderwet verwys na ‘n KJSS as ‘n fasiliteit vir die voorsiening van residensiële sorg en ontwikkeling van kinders buite die gesinsopset, en vereis dat terapeutiese- en ontwikkelingsprogramme aangebied word wat ‘n wye spektrum dienste insluit.

Binne Huis Andrew Murray het die vakkundige span wat bestaan uit ‘n Bestuurder Vakkundige Dienste, 3 maatskaplike werkers, ‘n maatskaplike werk assistent , 18 kinder en jeugsorgwerkers, ‘n vroëe kinderontwikkeling opvoeder en ‘n deeltydse professionele verpleegkundige die afgelope jaar saamgewerk om ‘n hoë standaard diens te lewer en ‘n omgewing te skep waarbinne kinders veilig kan voel terwyl hul ontwikkelingsbehoeftes

aangespreek word en optimale groei en ontwikkeling kan plaasvind. Die dienste van ander hulpprofessies soos sielkundiges, spraakterapeute, spelterapeute, forensiese maatskaplike werkers en arbeidsterapeute word ingekoop en lewer ook ‘n belangrike bydrae tot ons kinders se groei en ontwikkeling.

(i) VERSORGING

Programme sluit die fisiese, psigiese, sosiale, kognitiewe en religieuse versorging en ontwikkeling van die kind in. Betrokkenheid by die kind begin dikwels reeds voor opname wanneer die kind en gesin die KJSS besoek vir ‘n voor-opname assessering waartydens die kind die geleentheid kry om vertroud te raak met die sentrum , die reëls en roetine en die maatskaplike werkers ook inligting omtrent die kind en gesin bekom om behoeftes te identifiseer en die kind binne die mees geskikte huiseenheid en groep kinders te plaas met opname. Hierna volg deurlopende assessering om ‘n individuele ontwikkelingsplan op te stel en te implementeer, daaglikse fisiese en mediese versorging, emosionele en sosiale versorging en ondersteuning, geestelike versorging, plasing in ‘n geskikte skool waar die kind se intellektuele behoeftes die beste aangespreek word, terapeutiese insette wanneer nodig, gedragsbestuur en gesinsherenigingsdienste.

Die dienslewering aan die kind in ‘n KJSS fokus verder daarop om so gou as moontlik die kind se permanente sorg te bepaal aangesien plasing in ‘n KJSS nie die ideale versorgingsopsie is nie. Permanensiebeplanning sluit hereniging met die ouers binne die kortste moontlike tydperk in en is gebasseer op die kwaliteit kontak met die ouers of familie, naweek en vakansieplasings by ouers sowel as die ouers se bevoegdheid om in die kinders se versorgingsbehoeftes te voorsien. Indien die ouers se omstandighede plasing daar nie toelaat nie word pleegsorg, selfs aanneming of langtermyn KJSS plasing oorweeg.

STATISTIEK: 1 APRIL 2018 - 31 MAART 2019

**(a) Totale aantal kinders in Kinder- en Jeugsorgsentrum soos op 31 Maart 2019**

| | Manlik | Vroulik | Totaal |
|---|---|---|---|
| Swart | 1 | 1 | 2 |
| Bruin | 55 | 58 | 113 |
| Wit | 21 | 17 | 38 |
| Totaal | 77 | 76 | 153 |

**(b) Ouderdomsverspreiding**

| 0 - 2 | 3 - 6 | 7 - 12 | 13 - 19 |
|---|---|---|---|
| 7 | 17 | 62 | 67 |

**(c) Beweging van kinders**

| OPNAMES | UITPLASINGS-OUERS/ FAMILIE SE SORG | PLEEGSORG PLASINGS | ONTHEFFINGS/ 18JARIGES | PLASINGS IN ANDER KJSS’s | MOONTLIKHEID VAN GESINS-HERENIGING 2019/2020 | LANGTERMYN KJSS PLASING 2019/2020 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 18 | 13 | 4 | 10 | 2 | 35 | 80 |


**(d) Inskakeling by skole/tersiêre instellings soos op 31 Maart 2019**

| | SKOOL | GEMEENSKAP | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| **Op HAM-perseel** | | | |
| 1 | Sprokiesland Speelskool | Wellington | 6 |
| **Vroëe Kinderontwikkelingsentrums** | | | |
| 2 | Doemsie Kleuterskool | Wellington | 2 |
| 3 | Pikkieland | Wellington | 5 |
| **Laerskole** | | | |
| 4 | Blouvlei Akademie | Wellington | 2 |
| 5 | Van Wyksvlei Primêr | Wellington | 10 |
| 6 | Hillcrest Primêr | Wellington | 3 |
| 7 | Hugenote Laerskool | Wellington | 25 |
| 8 | Hugo Rust Laerskool | Wellington | 2 |
| 9 | Newton Primêr | Wellington | 11 |
| 10 | Pauw Gedenk Primêr | Wellington | 3 |
| 11 | Wellington Primêr | Wellington | 22 |
| 12 | Slot van die Paarl | Windmeul | 1 |
| 13 | Boland Skool vir Outisme | Paarl | 2 |
| 14 | Nouveau Privaatskool | Paarl | 1 |
| **Hoërskole** | | | |
| 15 | Bergrivier Sekondêr | Wellington | 17 |
| 16 | Weltevrede Sekondêr | Wellington | 1 |
| 17 | Hugenote Hoërskool | Wellington | 16 |
| **Skole vir kinders met spesiale onderrig behoeftes** | | | |
| 18 | Ligstraal Skool | Paarl | 3 |
| 19 | Riebeeck Vaardigheidskool | Riebeeck Wes | 1 |
| 20 | Paarl-Vaardigheidskool | Paarl | 1 |
| 21 | Wellington Vaardigheidskool | Wellington | 11 |
| **Tersiêre Inrigtings** | | | |
| 22 | Northlink Kollege | Parow en Tygerberg | 2 |
| 23 | CPUT | Wellington | 1 |

(ii) HEELMAAK


Kinders is met opname in ‘n KJSS reeds aan veelvuldige trauma blootgestel. As gevolg daarvan manifesteer sekere gedrag en met die verwydering uit hul ouerhuis, familie of ander versorgingsituasies ervaar die meeste van die kinders ook rou en verlies, verwerping en baie het ook bindingsteurnisse. Kinders het ook reeds sekere persepsies oor die lewe en volwassenes gevorm wat hul verhoudings met ander persone en sosialisering beïnvloed. Die kind se lewenssirkel is dus gebreek as gevolg van die trauma.

‘n Kind se “Gebreekte Sirkel” ontwikkel soos volg :




Die Heelmaak proses het baie fasette en om die kind se individuele ontwikkelingsbehoeftes te identifiseer en aan te spreek word gebruik gemaak van die Sterkpunt Ontwikkelingsassesserings model.

Die Sirkel van Hoop Filosofie word dan gebruik om “Heel te maak”:




Wanneer hierdie 4 komponente in ‘n kind se lewe herstel kan word bestaan die moontlikheid dat die kind ‘n suksesvolle volwasse lewe tegemoet kan gaan.

(iii) ONTWIKKELING

Ontwikkeling vind in die oomblik maar ook oor ‘n langtermyn plaas. Terwyl die kind in die sorg van Huis Andrew Murray verkeer word ontwikkeling op verskeie terreine aangespreek om die kinders geleentheid te gee om hul volle potensiaal te bereik. Hul individuele ontwikkelingsbehoeftes word aangespreek , talente en belangstellings word ontwikkel en hulle word blootgestel aan verskeie programme waarbinne hulle hulself kan leer ken en kan word wie hulle graag sal wil wees.

- **Die aanleer van Christelike waardes is ‘n prioriteit en word in die daaglikse leefwyse ingebou:**

**RESPEK EN LOJALITEIT**
**VRIENDELIKHEID EN BELEEFDHEID**
**VERGEWENSGESINDHEID EN REGVERDIGHEID**
**ONSELFSUGTIGHEID EN SENSITIWITEIT**
**EERLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID**
**SELF DISSIPLINE EN ONTWIKKELING VAN POTENSIAAL**
**KUISHEID EN GETROUHEID**
**VREDELIEWENDHEID EN MOED**

- **Vroëe Kinderontwikkeling word gebied aan die voorskoolse kinders om hulle gereed te maak vir inskakeling in die gemeenskap se fasiliteite**

Die Vroëe Kinderontwikkelingsentrum, Sprokiesland, maak voorsiening vir ‘n ontwikkelings- en stimulasieprogram waarbinne 5 peuters, ouderdom tussen 1 en 3 jaar die afgelope jaar geakkommodeer is. Die voltydse opvoeder met die nodige passie en liefde vir kinders maak van elke geleentheid ‘n ontwikkelingsgeleentheid en maak seker dat die kleine mensies die gewenste blootstelling en stimulering ontvang. Binne hulle programme is waardes, netheid, dissipline, fisiese oefening, sang en dans sowel as intellektuele ontwikkeling ingebou. Sy word ondersteun deur die arbeidsterapeutiese dienste. Dit is vir HAM ‘n prioriteit dat voorskoolse kinders optimaal ontwikkel op alle terreine.





- **Leierskapsontwikkeling: ‘n Groep leerders wat sterk leiding kan neem en ‘n voorbeeld kan stel om ‘n groter groep positief te beïnvloed en ‘n verskil te maak**





‘n Kinderforum bestaande uit 15 geïdentifiseerde potensiële leiers het die geleentheid gehad om op ‘n leierskapsontwikkelingskamp te Hawequas Wellington te gaan en die “7 Ankers van Karakter” is gedurende die naweek hanteer: Omgee, Betroubaarheid, Respek, Verantwoordelikheid, Regverdigheid, Burgerskap en Geloof. Hulle is verteenwoordigend vanuit die 12 huiseenhede en word op weeklikse basis begelei om leiding te neem en rolmodelle vir ander te wees.

- **Geleentheid tot Tersiêre opleiding om leerders toe te rus vir die arbeidsmark**

As gevolg van vrygewige donateurs wat die Mentorskap en Beursfonds deurlopend aanvul kon Huis Andrew Murray in 2018 aan 4 studente en in 2019 aan nog 4 studente die geleentheid gee om tersiêre opleiding aan ‘n erkende opleidingsinstansie volgens hulle intellektuele vermoë sowel as belangstelling en keuse te ontvang. Dit dra daartoe by dat hulle beter toegerus die lewe kan ingaan wanneer hulle die KJSS verlaat.



## 7. MARKETING

House Andrew Murray (HAM) Child and Youth Care Centre celebrated its 120th birthday celebration on 4 June 2018. It was a very exciting and successful year! The marketing and funding strategy was built on brand awareness to drive growth in order to gain revenue and to build relationships.

HAM maintained relationships with a wide range of stakeholders. Amongst these were churches, foundations, corporate entities, smaller firms, individuals and the community that supported our service in a multitude of ways. We also networked with other non-profit organisations (NGO's) and child and youth care centres.

### 7.1 Focus on projects for long-term sustainability

(i) SOLAR PANELS

In line with the growing trend to introduce energy-efficient elements, House Andrew Murray has embarked on a long-term sustainability project to install a solar photovoltaic (PV) system in an attempt to reduce the organisation's electricity consumption and overall operational costs.

DGB and Terra Firma Solutions donated a 6kWP Solar PV system that reduced operational costs by R12 800 per annum whilst the second phase of the project will commence in the 2019/2020 financial year. The current system will be expanded to a 20 kWP Solar PV system.



(ii) RENOVATION OF 12 LIVING UNITS

The aim was to renovate 6 living units for girls in 2018. The living units for girls were renovated by die following corporate entities and churches:

House Freesia – DGB
House Erica – Atlas Towers
House Grevillea – Lochner Transport
House Carissa – Sonlia
House Berzelia – Dutch Reformed Church Suider Paarl
House Aristea – Dutch Reformed Church Toringkerk

A few photos of House Berzelia's make-over:



## 8. FINANSIËLE VERSLAG

Voortgesette dienslewering het die afgelope jaar plaasgevind ten spyte van stygende bedryfskostes.

Ouditeure vir die afgelope finansiële jaar was: TdP Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)
Posbus 3737, Tygervallei, 7536
Tel. No.: (021) 975 3737


| OPSOMMENDE FINANSIËLE OORSIG | | |
|---|---|---|
| | 2019 | 2018 |
| Totale Inkomste | 10 098 716 | 9 050 536 |
| Totale uitgawes | 10 175 845 | 9 470 388 |
| Bedryfsurplus/ (tekort) na reserwe fondse aansuiwerings | (77 129) | (419 852) |
| Maandelikse eenheidskoste per kind | 5 422 | 5 019 |
| Maandelikse subsidie per kind: Departement van Maatskaplike Ontwikkeling | 2 941 | 2 839 |

Kapitale besteding van R303 789 is ingesluit by die bedryfstekort vir 2018. Volgens die rekeningkundige beleid van Huis Andrew Murray word kapitale verbeteringe aan geboue direk in die surplus of tekort vir die jaar waarin dit aangegaan is erken.

Verspreiding van inkomste bronne:

| | |
|---|---|
| Gemeentebydraes | **1%** |
| Individue | **2%** |
| Goedere in Natura | **15%** |
| Fondsinsameling | **19%** |
| Diverse Inkomstes | **1%** |
| Beleggingsinkomste | **2%** |
| Subsidie | **60%** |

Verspreiding van uitgawes




## 9. PERSONEEL

Die personeelsamestelling van Huis Andrew Murray was op 31 Maart 2019 soos volg:

| POSBESKRYWING | AANTAL PERSONEELLEDE |
|---|---|
| Bestuurder | 1 |
| Bestuurder : Vakkundige Dienste | 1 |
| Maatskaplike werkers | 3 |
| Administratiewe assistent – vakkundige afdeling | 1 |
| Arbeidsterapeut (kontrakbasis) | 1 |
| Professionele verpleegkundige | 1 |
| Ingeskrewe Verpleegassistent | 1 |
| Kinder- en Jeugsorgwerkers | 19 |
| Roterende afloswerkers | 1 |
| Sekretaresse | 1 |
| Finansiële beampte | 1 |
| Bemarker | 1 |
| Bemarkingsassistent | 2 |
| Logistieke bestuurder | 1 |
| Terreinkoördineerder | 1 |
| Drywer | 1 |
| Terrein Assistent | 1 |
| Kok | 1 |

| | |
|---|---|
| Huishoudelike Assistente | 10 |

## 10. SOCIAL MEDIA

A new website was launched during 2018. The website focuses on service delivery, opportunities, events and information relevant to people who wish to become involved or invest in the well-being of our beneficiaries.

Our face book focuses primarily on the impact of service delivery to our beneficiaries. The audience are all stakeholders of HAM with the emphasis on donors and supporters.

## 11. CONGREGATION INVOLVEMENT

House Andrew Murray would like to thank all the congregations that "adopted" a living unit. These congregations see to the special needs of the children who reside in the specific living unit:

Dutch Reformed Church Toringkerk, Paarl - House Aristea
Dutch Reformed Church Suider Paarl – House Berzelia
Dutch Reformed Church Paarlberg - House Carissa
Dutch Reformed Church Riebeek Kasteel – House Disa
Dutch Reformed Church Agter Paarl – House Erica
Dutch Reformed Church Wellington – House Freesia
Dutch Reformed Church Strand – House Grevillea
Dutch Reformed Church Drakenstein – House Hakea
Dutch Reformed Church Hottentots Holland, Somerset West – House Jakaranda
Dutch Reformed Church Franschhoek – House Karee
Dutch Reformed Church Simondium - House Lourier
Dutch Reformed Church Wellington-East – House Mopanie

## 12. U KAN OOK 'N BYDRAE MAAK

**HUIS ANDREW MURRAY KJSS**
***Sedert 1898***
**Skep vir ons kinders 'n toekoms.**

**U adres** ..............................................................
...............................................................................
...............................................................................

Bank: **ABSA**
Tak: **WELLINGTON**
Rek.No: **430 560 107**
Takkode: **334-510**

**E-pos** ......................................................................
**Tel: H** ............................ **Tel: W** ..........................
**ID No** ......................................................................
**Ontvang my geskenk van**
**R300** **R200** **R100** **R** ......................... (enige ander bedrag)
**Maak asb. u tjek uit aan: Huis Andrew Murr**ay
**Huis Andrew Murray KJSS**
**Blouvleistraat, WELLINGTON**
**Tel: 021 873 3834 Faks: 021 873 5265**

*Indien u 'n direkte betaling maak, stuur asb. die inbetalingstrokie aan ons. Ons wil u graag bedank*

**SKENKINGS AAN ONS IS BELASTINGAFTREKBAAR**

| DEBIET ORDER MAGTIGING | KREDIETKAARTMAGTIGING |
|---|---|
| Bank: ..................................................................................<br>Tjekrekening ☐ Tjekrekening ☐<br>Spaarrekening ☐<br>Rekeningnommer<br>☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐<br><br>Bankkode ☐☐☐☐☐☐ Naam van Tak............<br>DEBIETORDER AFTREKMAGTIGING<br>Hiermee magtig ek Huis Andrew Murray KJSS om die bedrag van R.......................... elke maand uit my rekening te onttrek totdat ek dit skriftelik kanselleer. Ek versoek my bank om my rekening met die bogenoemde bedrag te debiteer.<br>Naam:..................................................................................<br>Adres: ...............................................................................<br>Handtekening: ................................. Datum: ................ | Debiteer asseblief my Master/ Visa/ Diners Club kaart ten bedrae van R..........................<br><br>☐ Eenmalig ☐ Elke maand<br><br>Kaartnommer<br>☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐<br><br>Vervaldatum ☐☐☐☐☐☐☐☐<br>Laaste 3 syfers op agterkant van kaart ☐☐☐<br><br>Datum: ..............................<br><br>Handtekening:<br>............................................. |

PLACE STICKER FROM CARD HERE
Place sticker from card here,
or insert card number on web application

MySchool MyVillage MyPlanet

# Supporter Card Application

Apply online www.myschool.co.za OR e-mail cs@myschool.co.za OR call 0860 100 445 OR complete this form and fax to [illegible]

This request is for a: New Card ☐ Replacement Card ☐ Change Beneficiary ☐ Link to Woolworths ☐

If you are a current MySchool supporter, please provide your card number.

Your card no: ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐

## 1. BENEFICIARY DETAILS: (YOU MAY CHOOSE TO SUPPORT UP TO 3 BENEFICIARIES)

| Beneficiary name | City / Region |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |

## 2. CREATE YOUR PROFILE:

*Title:

*First Name:

*Surname:

*ID or Passport Number:

*Your ID or Passport number is compulsory in order for us to process your application

*Date of birth: Y Y Y Y M M D D

*Postal Address:
(For card delivery)

Postal Code:

*E-mail:

Telephone (H): Cellphone:

## 3. STAY INFORMED:

Want to know how your contribution makes a difference? MySchool MyVillage MyPlanet will send you all the latest news on our schools and charities plus information on exciting competitions. You may choose not to receive this information:

☐ **I DO NOT WANT** to receive promotional information from MySchool MyVillage MyPlanet.

Your MySchool MyVillage MyPlanet card gives you automatic membership to Woolworths WRewards loyalty programme. By swiping your MySchool MyVillage MyPlanet card at Woolworths you automatically enjoy WRewards instant savings. The more you shop the more Woolworths will reward you with special vouchers, let you know first about exclusive sale previews, and other loyalty rewards. We'll add you automatically unless you ask us not to by ticking the box below.

☐ **I DO NOT WANT** to join WRewards

If you've just joined WRewards, welcome to the family! In addition to your loyalty rewards we're going to send you information about new products, great savings and exciting competitions. Not interested? You can unsubscribe from promotional information that does not relate to your exclusive WRewards benefits by updating your profile online at www.woolworths.co.za or by calling 0861 50 20 50. Or you can optout here:

**I DO NOT WANT** to receive promotional information from:

☐ Woolworths

☐ Woolworths Financial Services

If you're already a Woolworths cardholder or WRewards member contact the Woolworths call centre or update your Woolworths profile at www.woolworths.co.za to manage what information you receive.

## 4. AGREEING TO THE TERMS AND CONDITIONS

By signing this application form you accept the MySchool Terms and Conditions (available at www.myschool.co.za).

**Your Signature**________________________________**Date**____________

Terms and Conditions apply. For full details about MySchool MyVillage MyPlanet card usage T&C's – visit www.myschool.co.za.

**EVERY SWIPE COUNTS!**

**Hier leef ons voluit**